NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

GESKIEDENIS: VRAESTEL II

Tyd: 3 uur 200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n Bronmateriaalboekie van 5 bladsye (i–v). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. Verwyder die Bronmateriaalboekie uit die middel van die vraestel.

2. Lees die vrae noukeurig.

3. Alle vrae moet beantwoord word.

4. Hierdie vraestel bestaan uit:

   Afdeling A, wat die volgende insluit:
   - Visuele ontleding
   - Tekstuele ontleding
   - Media-ontleding

   EN

   Afdeling B, wat die volgende insluit:
   - Brongebaseerde vrae wat die Bronmateriaalboekie gebruik

   EN

   Afdeling C, wat die volgende insluit:
   - Brongebaseerde opstel wat die Bronmateriaalboekie gebruik

5. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

6. Laat 'n reël tussen jou antwoorde oop.

7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf. Werk op 'n geordende wyse en bied jou antwoorde so netjies as moontlik aan.

8. Kandidate moet aandag aan die puntetoekenning skenk. Tensy anders aangedui, word 2 punte vir 'n geldige feit toegeken. Dit beteken dat 'n vraag wat 4 punte tel, twee feite vereis.

9. Gebruik die bronne wat verskaf word om jou antwoord te formuleer, tensy daar spesifiek opdrag gegee word om jou eie kennis te gebruik.

IEB Copyright © 2021

AFDELING A INDIVIDUELE BRONONTLEDING

VRAAG 1 VISUELE BRONONTLEDING

Hierdie foto, wat in Mei 1986 geneem is, toon polisie wat roubeklaers dophou wat 'n African National Congress (ANC) vlag gedurende 'n begrafnisoptog in Alexandra, Johannesburg, dra.



[Beyond the Barricades versameling, Universiteit van Kaapstad Biblioteke. Beskikbaar by: [AANLYN] <http://www.digitalcollections.lib.uct.ac.za/islandora/object/islandora%3A898/datastream/OBJ/view> Verkry 8 Januarie 2019]

1.1 Gebruik jou eie kennis om te verduidelik hoekom swaar gewapende polisie in 1986 in die townships was. (2)

1.2 Identifiseer die metode van protes wat deur die mense gebruik is wat die begrafnis bygewoon het. Ondersteun jou antwoord met EEN leidraad uit die foto. (4)

1.3 Beskryf die atmosfeer in die foto. Ondersteun jou antwoord met TWEE leidrade uit die bron. (6)

1.4 Op watter manier kon hierdie foto as propaganda deur die apartheidsregering gebruik word? Verduidelik jou antwoord met verwysing na die foto. (4)

1.5 Noem TWEE tekortkomings van foto's as historiese bewyse. (4)

[20]

IEB Copyright © 2021

VRAAG 2 TEKSTUELE BRONONTLEDING

Hier is 'n uittreksel uit 'n Ierse koerantartikel wat oor die dood van Mobutu Seso Seko berig.

... Hoe kon die armoedige massas van Zaïre-Kongo 'n man vergeet wat so sinies* die rykdom van sy land geplunder het, 'n string paleise in Europa gekoop het en miljarde dollars in Switserse bankrekeninge opgegaar het?

Die bebrilde tiran en sy kenmerkende luiperdvelhoed sal lank sinoniem wees met die buitensporigste korrupsie en hebsug denkbaar. Dit is onwaarskynlik dat baie mense oor die heengaan van Mobutu sal treur ... Nadat hy homself in 1965 as staatshoof met volle uitvoerende magte aangestel het, het Mobutu 'n koers ingeslaan wat die voormalige Belgiese kolonie vinnig in chaos laat verval het.

In 1971 het hy sy leerstelling van "authenticité" verkondig, die Kongo is tot Zaïre herdoop en mense is versoek om 'n nasionale kostuum van sy eie ontwerp te aanvaar. As iemand wat nie sy lig onder 'n maatemmer verberg het nie, het hierdie hotelkok se seun, Joseph-Desire, Mobutu Sese Seko Kuku Ngebendu wa za Banga geword, "die almagtige vegter wat, vanweë sy uithouvermoë en onbuigsame wil om te wen, van verowering tot verowering gaan en 'n spoor van vuur agterlaat".

Wat hy eintlik in sy spoor agtergelaat het, was 'n land slegs in naam. Paaie, hawens, spoorweë, rivierbote, skole, hospitale en openbare geboue het in so 'n mate verval dat dit die nuwe regime jare sal neem om die gemors reg te stel. Enige skyn van goeie regering of fiskale* aanspreeklikheid is laat vaar toe Mobutu se makkers* hul hande in die openbare koffers* gesteek het en sy politieke teenstanders sinneloos onder mekaar gekibbel het.

In sy geboortedorp het hy 'n swierige* paleis gebou, 'n ekwatoriale plesierkoepel met 'n casino, siertuine en 'n aanloopbaan lank genoeg om die Concorde wat hy van Air France gehuur het vir gesinsinkopies in Europa, te akkommodeer. Sy siniese uitbuiting van die land is moontlik gemaak deur Westerse steun tydens die Koue Oorlog.

In ruil vir die verskaffing van basisse waaruit die Verenigde State antikommunistiese bedrywighede kon bedryf, kon Mobutu die maksimum hulp en toegeeflikheid verkry ...

[Aangepas uit: Irish Times: Mobutu leaves legacy of chaos and corruption. 9 September 1997 01:00AM Beskikbaar by; [AANLYN] <https://www.irishtimes.com/news/mobutu-leaves-legacy-of-chaos-and-corruption-1.104463> Verkry 20 Oktober 2020]

*sinies – op 'n selfbehepte, selfsugtige manier
*fiskale – hou verband met regeringsgeld, spesifiek belasting
*makkers – goeie vriende
*koffers – die land se staatskas, fondse
*swierige – oordadig versier met helder, botsende kleure

2.1 Gebruik jou eie kennis om 'n reeks gebeure te verskaf wat daartoe gelei het dat Mobutu Seso Seko "in 1965 staatshoof met volle uitvoerende magte" geword het. Skryf DRIE omvattende punte neer. (6)

2.2 Verskaf EEN bewysstuk uit die bron wat toon hoe Mobutu Seso Seko sy leerstelling van "egtheid" (*authenticité*) in die Kongo toegepas het. (2)

2.3 Watter indruk skep die bron van Mobutu Seso Seko se impak op Zaïre? Verskaf TWEE aanhalings om jou antwoord te ondersteun. (6)

2.4 In watter mate is die skrywer bevooroordeeld teenoor Mobutu Seso Seko? Verduidelik jou antwoord met DRIE punte deur bewyse uit die bron te gebruik. (6)

[20]

IEB Copyright © 2021

VRAAG 3 HUIDIGE KWESSIE IN DIE MEDIA

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n artikel wat deur 'n Amerikaanse nuusnetwerk gepubliseer is wat die Burgerregtebeweging en die Swartmagbeweging met die jeugbewegings van die 21ste eeu vergelyk.

Hoe Black Lives Matter (BLM) burgerregte in die 21ste eeu ingebring het



… #BlackLivesMatter het die 21ste-eeuse burgerregtebeweging van stapel gestuur, gelei deur jongmense wat die mantel by vorige generasies oorgeneem het, en elemente van ouer mense ingebring het met 'n styl wat hierdie beweging uniek maak. Die hoofdoelstelling is gelyke beregtiging van Afro-Amerikaners deur die strafregstelsel.

"Black Lives Matter is 'n ideologiese en politieke ingryping ..." Met hierdie beweging waar *millennials* aan die spits staan*, is daar ... vergelykings tussen BLM en die burgerregtebeweging van die middel van die 20ste eeu – toe universiteitstudente *Freedom Riders* geword het en in hegtenis geneem is by slegs-blankes middagete-toonbanke, en kinders van skoolgaande ouderdom polisiehonde en brandslange getrotseer het, terwyl studente van die *Student Nonviolent Coordinating Committee* strategieë saam met eerw. Martin Luther King jr. bedink het. Daar is ooreenkomste van albei bewegings in BLM, volgens Hasan Kwame Jeffries, medeprofessor in geskiedenis aan die Ohio State University in Columbus. "Ek dink dat dit in baie opsigte meer soos Malcolm (X) is as Martin in die sin dat wat ons van Swart Mag sien, 'n meer direk eksplisiete kritiek* van Amerikaanse stelsels en strukture is, iets wat minder belangrik in die 1950-, 1960-burgerregtetydperk was," het Jeffries gesê ..." Swart Mag is 'n terugkeer na 'n baie strenger* kritiek op Amerika as geheel. Die Black Lives Matter-beweging is 'n uitbreiding daarvan en 'n evolusie*," …

Vergelykings tussen BLM en vorige bewegings moet egter versigtig gemaak word, het Charles McKinney, medeprofessor in geskiedenis aan Rhodes College, gesê. "Jy kan hierdie vergelykings tref, maar ons moet baie versigtig wees hoe ons dit doen. Black Lives Matter is nog 'n jong organisasie" ... BLM gebruik baie van die instrumente en lesse wat geleer is van vorige aktiviste ... Maar die stigting deur drie swart vroue, die ongestruktureerde leierskapsmodel daarvan en BLM se insluiting van alle geslagsidentiteite – die interkonnektiwiteit* – is ver verwyderd van die tradisionele struktuur van vorige bewegings ...

[How Black Lives Matter moved civil rights into the 21st century, L.A. Moore, USA TODAY NETWORK, 11 Maart, 30 Maart 2018, [AANLYN] beskikbaar by <https://www.commercialappeal.com/story/news/2018/03/11/black-lives-matter-moves-civil-rights-into-21st-century/1049310001/> Verkry 9 Januarie 2019]

*aan die spits staan – lei en organiseer
*kritiek – analise
*strenger – sterker en kragtiger
*evolusie – geleidelike ontwikkeling
*interkonnektiwiteit – maak konneksies met baie ander mense of organisasies

IEB Copyright © 2021

3.1 Identifiseer hoe die Black Lives Matter-beweging van 2018 soortgelyk is aan die Burgerregtebeweging van die 1960's. Verskaf TWEE punte. (4)

3.2 Na watter burgerregteveldtog of -optrede verwys ELK van die volgende beskrywings:

3.2.1 "… kinders van skoolgaande ouderdom polisiehonde en brandslange getrotseer het …" (2)

3.2.2 "… in hegtenis geneem is by slegs-blankes middagete-toonbanke …" (2)

3.2.3 "… studente toets segregasiewette by interstaat-busterminale …" (2)

3.3 Identifiseer DRIE verskille tussen die Burgerregtebeweging en die Black Lives Matter-beweging. (6)

3.4 In watter mate ondersteun Charles McKinney die vergelyking tussen die Black Lives Matter-beweging en die Burgerregtebeweging? Ondersteun jou antwoord met bewyse uit die bron. (4)
[20]

60 punte

IEB Copyright © 2021

AFDELING B BRONGEBASEERDE VRAE

Bestudeer die bronne in die Bronmateriaalboekie en beantwoord dan die volgende vrae:

Verwys na Bron A

4. Hoe impliseer Steve Biko die konsep van *Black is Beautiful?* (2)

5. Word daar in die bron gemeld dat die Swartbewussynsbeweging 'n politieke party was? Verskaf DRIE aanhalings om jou antwoord te ondersteun. (8)

Verwys na Bron B

6. Waarom was daar 'n "politieke vakuum" in die 1970's? Verskaf bewyse uit die bron. (4)

7. Noem TWEE redes waarom hoërskoolleerders politieke leierskap in die 1970's kon vul. (4)

8. Wat was volgens die bron die belangrikste invloed van Swartbewussyn op die jeug? (2)

Verwys na Bron C

9. Noem DRIE metodes wat deur die Swartbewussynsbeweging gebruik is om idees onder skoliere te versprei. (6)

10. Het die Swartbewussynsbeweging 'n positiewe invloed op die jeug gehad, volgens die bron? Ondersteun jou antwoord met DRIE bewys-stukke. (8)

Verwys na Bron D

11. Wat beskou Nyanisile Jack as die hoofoorsaak van die Soweto-opstand in 1976? (2)

12. Hoe betroubaar is die bron vir 'n historikus wat die oorsake van die Soweto-opstand in 1976 bestudeer? (6)

Verwys na Bron E

13. Noem DRIE ander faktore as Swartbewussyn wat die Soweto-opstand van 1976 geïnspireer het. (6)

14. Het die Swartbewussynsbeweging slegs skoliere beïnvloed? Ondersteun jou antwoord met TWEE bewyse uit die bron. (6)

IEB Copyright © 2021

Verwys na Bron F

15. Verskaf DRIE leidrade van die plakkaat wat die beginsels van Swartbewussyn toon. (6)

16. Hoe nuttig is hierdie plakkaat vir 'n historikus wat Steve Biko bestudeer? Jou antwoord moet uit DRIE punte bestaan. (6)

Verwys na Bron F en Bron G

17. Ondersteun Bron F dit wat die apartheidsregering volgens Bron G gevrees het? Verduidelik jou antwoord met bewyse uit ALBEI bronne. (6)

Verwys na Bron G en Bron H

18. Hoe verskil hierdie bronne in hul interpretasie van die belangrikheid van Swartbewussyn vir die bevrydingstryd in die 1970's? Jou antwoord moet uit DRIE punte bestaan. (6)

19. **Vind 'n geskiedkundige konsep in Bron G of H wat die beste by elkeen van die volgende definisies pas. Skryf slegs die geskiedkundige konsep neer. (Geen verduideliking word vereis nie.)**

    19.1 'n Politieke stelsel het in 1948 in Suid-Afrika begin wat mense sosiaal, ekonomies en polities geskei het op grond van ras. (2)

    19.2 'n Hegte verhouding of vennootskap tussen politieke of sosiale groepe, gebaseer op soortgelyke doelstellings of beginsels. (2)

    19.3 'n Beweging wat daarop gemik is om groot verandering in die samelewing te veroorsaak. (2)

    19.4 Die burgerlike samelewing neem op groot skaal aan protesaksies deel. (2)

    19.5 Wanneer groot getalle werkers ophou werk tydens protesaksie. (2)

    19.6 Die toestand waar jy om politieke redes uit jou land verban word. (2)

90 punte

IEB Copyright © 2021

AFDELING C BRONGEBASEERDE OPSTEL

Gebruik Bronne A tot H in die Bronmateriaalboekie om 'n brongebaseerde opstel oor die volgende onderwerp te skryf:

In watter mate was die Swartbewussynsbeweging verantwoordelik vir die Soweto-opstand in 1976?

Maak seker dat jy die bronne gebruik wat verskaf word om jou argument te formuleer en onthou om na die bronne te verwys deur letters te gebruik.

50 punte

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2021